kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 163

Soos ‘n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.
U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Woorddiens

Tema: Wie of wat is of was invloede in jou lewe?

Skriflesing: Lukas 23:33-43

Broodjies vir die pad

“A teacher affects eternity; he can never tell where his influence stops.”
— Henry Adams

“Example is not the main thing in influencing others. It is the only thing.”
— Albert Schweitzer

“There is no such thing as a good influence.Because to influence a person is to give him one's own soul. He does not think his natural thoughts, or burn with his natural passions. His virtues are not real to him. His sins, if there are such things as sins, are borrowed. He becomes an echo of some one else's music, an actor of a part that has not been written for him. The aim of life is self-development. To realize one's nature perfectly -- that is what each of us is here for. People are afraid of themselves, nowadays. They have forgotten the highest of all duties, the duty that one owes to oneself. Of course they are charitable. They feed the hungry, and clothe the beggar. But their own souls starve, and are naked. Courage has gone out of our race. Perhaps we never really had it. The terror of society, which is the basis of morals, the terror of God, which is the secret of religion -- these are the two things that govern us.”
— Oscar Wilde, The Picture of Dorian Gray and Other Stories

“We never know which lives we influence, or when, or why.”
— Stephen King

Droogte: 'As ons nie boer nie, wie sal?'

Pieter Jacobs

Eerstens wil ek net sê ek weet nie of ek spog of kla met hierdie meningstuk oor die droogte in Namakwaland nie. My pa is baie betrokke by Agri Namakwaland en ek gaan skryf oor wat ek sien as ek hom help om vragte voer af te laai of saamgaan na ’n boereverenigingvergadering.

’n Vrag voer is soos ’n *lucky packet*, jy weet nie watter soort baal, mielies, graad lusern of hoeveel daarvan jy gaan kry nie.

Jy kom staan in afwagting daar op die werf om jou sakke vol mielies te maak of jou baal mieliereste op jou bakkie te laai.

Daar is altyd ’n paar mense wat baie haastig is en nie kan wag vir hul voer nie. Jy help hulle dat hulle net kan wegkom.

Die wat ontevrede en tevrede is

Terwyl die boere hul beurt afwag, staan hulle met mekaar en gesels. Iemand sal altyd daar aankom met blikkies koeldrank en nogal verskillende soorte, en sê: “Daar, vat vir julle.”

Terug by die voer. Daar is ook altyd ’n paar siele wat ontevrede is oor die soort voer. Hy soek geelmielies, nie witmielies nie, of A-graadlusern, “nie hierdie k*k wat julle lusern noem nie”. Dis die soort mens wat jou laat voel of jy net kan oppak en ’n vinger wys vir almal terwyl jy /spin-spin/ wegry.

Maar dis die boere wat vir jou kom dankie sê wat dit die moeite werd maak. Al het jy die oom net gehelp om sy sakke op die bakkie te laai of die vurkhyser gery wat die bale van die vragmotor na die bakkie vat, hulle kom sê dankie.

Daar is ook dié wat – terwyl hulle wag vir hul voer – vra wanneer die volgende vrag kom. En jy kan die dankbaarheid op elkeen se gesig sien as hulle die voer kry.

Een punt altyd op die agenda

Op boereverenigingvergaderings is een van die agendapunte altyd die droogte. As die vergadering by daai punt kom, heers daar ’n doodse stilte en almal kyk vir hul skoene totdat iemand begin kla oor die droogte en watter impak dit op hom het. Van hy kan nie meer die kinders se koshuisgeld betaal nie, of skertsend, hy het nege maande laas ’n bottel brandewyn in die huis gehad.

Dan word planne gemaak oor wie die volgende vrag gaan reël en waar dit afgelaai gaan word. Daar word darem ook tyd gemaak om dankie te sê vir dié wat gereeld vragte reël en daarmee kom help.

Al wat ek kan sê is dankie

Ek wil graag vir elke persoon, onderneming en instelling wat die boere die afgelope paar jaar gehelp het, dankie sê.

Die skoenbokse met die huishoudelike goedjies vir die vroue word met vreugde en dankbaarheid oopgemaak. Vir elkeen wat ’n 5-liter-water, R20, ’n sak mielies of ’n blikkie sousboontjies geskenk het, wil ek dankie sê. Soos die een oom gesê het: As ons nie boer nie, wie sal?

* *Pieter Jacobs (22) boer in die Springbok omgewing saam met sy pa.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Die-Student/droogte-as-ons-nie-boer-nie-wie-sal-20191120

"To hear never-heard sounds,
To see never-seen colors and shapes,
To try to understand the imperceptible
Power pervading the world;
To fly and find pure ethereal substances
That are not of matter
But of that invisible soul pervading reality.
To hear another soul and to whisper to another soul;
To be a lantern in the darkness
Or an umbrella in a stormy day;
To feel much more than know.
To be the eyes of an eagle, slope of a mountain;
To be a wave understanding the influence of the moon;
To be a tree and read the memory of the leaves;
To be an insignificant pedestrian on the streets
Of crazy cities watching, watching, and watching.
To be a smile on the face of a woman
And shine in her memory
As a moment saved without planning."
— Dejan Stojanovic

"Let us remind ourselves of the terminology. A theist believes in a supernatural intelligence who, in addition to his main work of creating the universe in the first place, is still around to oversee and influence the subsequent fate of his initial creation. In many theistic belief systems, the deity is intimately involved in human affairs. He answers prayers; forgives or punishes sins; intervenes in the world by performing miracles; frets about good and bad deeds, and knows when we do them (or even think about doing them). A deist, too, believes in a supernatural intelligence, but one whose activities were confined to setting up the laws that govern the universe in the first place. The deist God never intervenes thereafter, and certainly has no specific interest in human affairs. Pantheists don't believe in a supernatural God at all, but use the word God as a non-supernatural synonym for Nature, or for the Universe, or for the lawfulness that governs its workings. Deists differ from theists in that their God does not answer prayers, is not interested in sins or confessions, does not read our thoughts and does not intervene with capricious miracles. Deists differ from pantheists in that the deist God is some kind of cosmic intelligence, rather than the pantheist's metaphoric or poetic synonym for the laws of the universe. Pantheism is sexed-up atheism. Deism is watered-down theism."
— Richard Dawkins, The God Delusion

"Similarly, grace seeks us but will not control us. Saint Augustine once said that God is always trying to give good things to us, but our hands are too full to receive them. If our hands are full, they are full of the things to which we are addicted. And not only our hands, but also our hearts, minds, and attention are clogged with addiction. Our addictions fill up the spaces within us, spaces where grace might flow."
— Gerald G. May, Addiction and Grace: Love and Spirituality in the Healing of Addictions

Brood vir die pad

Die ongewilde Jesus praat en leef vreemd

Jaco Strydom

Wie eerste is, sal laaste wees. Grootmense moet soos kinders word. Leiers moet dienaars wees.

Om geseënd te wees beteken gewoonlik dat goeie goed met jou en om jou gebeur: Jy word skielik ryk, jou vyande word oorwin, die wêreld om jou maak die lewe vir jou makliker.

Nie volgens Jesus nie.

"Geseënd is dié wat treur," sê hy, "geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is."

Vir die gewone mens gaan die suksesvolle lewe gewoonlik oor bymekaarmaak, groter word, groei in status, meer mag, belangriker posisies, groter gemak, hoër punte, vinniger spoed, rekords wat verbeter word. Meer, groter, belangriker . . .

Maar nie volgens Jesus nie. Volgens hom moet jy altyd iets laat gaan as jy rêrig suksesvol wil wees; nader aan God wil groei.

Jy moet minder hê, nie méér nie. Die dissipels moes hul nette los. Die ryk jong man sy rykdom.

Jy moet van jou bitterheid ontslae raak, 70 maal sewe keer vergewe, die ander wang draai, goed wees vir jou vyande.

Jesus praat nie net vreemd nie, maar leef ook vreemd. Hy hang met die verkeerde groep mense rond, sondaars, dronkaards en tollenaars.

En op die verkeerde plekke: in 'n Samaritaanse dorp, 'n melaatse se huis, hy gaan sit gereeld aan die tafel van sondaars, kuier selfs by die hooftollenaar – die grootste skelm van sy tyd.

Jesus was nie sy hande volgens die Joodse gebruike nie, sy dissipels vas nie op die gebruiklike vasdag nie en hy laat hulle toe om op die Sabbat koring te pluk.

Ons dominees en pastore wil dit graag so aangenaam as moontlik vir mense maak om vir Jesus te volg, maar dis interessant om te sien wat sy eie antwoord was wanneer mense gesê het hulle wil hom volg.

Vir die een ou sê hy jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die Mens het nie eens 'n plek om sy kop neer te lê nie.

Vir 'n ander ou sê hy om nie sy pa, wat pas gesterwe het, te gaan begrawe nie! Die ryk jong man moet eers sy rykdom gaan uitdeel aan die armes en dan terugkom.

Geen wonder mense het sulke lelike dinge oor Jesus kwytgeraak nie.

In 'n stadium sê sy eie familie hy het van sy kop af geraak (dit staan letterlik net so in die Bybel!).

Kort daarna sê die Fariseërs hy is besete. Jesus word 'n vraat en 'n wynsuiper genoem, 'n vriend van sondaars. 'n Dwaalleraar wat mense mislei. 'n Ketter wat teen God laster.

Sy boodskap klink vandag net so vreemd soos destyds. Dis die alternatief, die teenoorgestelde van hoe die wêreld werk.

As die boodskap van die kerk vandag gewild is onder die status quo, is dit waarskynlik net omdat ons nie die hele storie vertel nie.

∗ *Strydom is leier van Echo-jeugontwikkeling.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-ongewilde-jesus-praat-en-leef-vreemd-20191119

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877